## 16. Omgeepapier 27 Mei - 1 Jun 2024

**Joh 14: 1 - 14 Jesus is die Weg, die Waarheid en die Lewe**

**(Opsomming van Pinkstertyd: Jesus wás nie maar net 'n merkwaardige mens of selfs 'n profeet nie.  Jesus ís "EK IS" (Jahweh vd Ou Testament, soos bv. in Eks 3:14 - 15; Jesus ís "Die HERE" van die Nuwe Testament). Dus kan Jesus met reg vir ons sê:**

- **EK IS die Brood wat Lewe gee**
- **EK IS die Lig vir die wêreld**
- **EK IS die Ingang vir die skape**
- **EK IS die Goeie Herder**
- **EK IS die Opstanding en die Lewe**
- **EK IS die Weg, die Waarheid en die Lewe**
- **EK IS die Ware Wingerdstok**

1. Lees Joh 14:6.
   **Vraag - Wat beteken dit vir jóú as Christen, kind van die Here, as Jesus vir jóú sê: "EK IS die Weg en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie"?**

2. Lees Joh 14:9.
   **Vraag - (Sommige mense sê daar is nie 'n god nie; sommiges sê niemand weet hoe God lyk nie!) Hoe sê Jesus, hoe lyk God?**

3. Lees Joh 14:12-14
   **Vraag 3.1 - Wat dink julle beteken dit as Jesus sê / belowe: "Wie in My glo sal ook die werke doen wat Ek doen, en hy sal nog groter dinge as dit doen"?**

   **Vraag 3.2 - Wat kan / mag ons (van God) vra / bid in die Naam van Jesus?**

4. **Gebedsversoeke: Vir wie / watter situasie kan ons bid?**
   - **Vir almal in die gemeente wat ernstig siek is**
   - **Vir krag vir almal wat deur krisisse gaan**
   - **Vir die Gees se Leiding voor en tydens die 2024 verkiesing**
   -
   -
   -

   **Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**
   -
   -
   -